

**3 Junie**

**Skrifgedeelte: Psalm 50**

**Fokusgedeelte: Psalm 50:15**

### **Kennis van ons ellende en verlossing bring ons tot die eer van God**

Hofsake is onaangenaam, veral vir die beskuldigde. Hoe ernstiger die aanklag, hoe erger is dit. Niks kan erger wees as wat hierdie Psalm beskryf nie – om voor God as beskuldigde te staan. Al die getuies is gereed, die hemel, die aarde en almal wat aan God getrou is. Hulle getuig teen die twee groepe aangeklaagdes. Die laaste groep word die duidelikste genoem – die goddelose. Alles wat hulle verkeerd gedoen het, word genoem. Omdat dit dikwels lyk of hulle nie gestraf word nie, dink hulle dat God soos hulle is! Hulle dink dat Hy maar aanhou om oor te sien sonder om ooit rekenskap te eis. Hulle volhard dus in hulle goddeloosheid.

Iets daarvan kan ook alreeds by die eerste groep gesien word. Op die oog af lyk hulle nie skuldig nie. Hulle dien God immers deur aan Hom offers te bring. Dit is waar, en God erken dit, maar Hy weet ook dat dit nie met die regte gesindheid gedoen word nie. Om die rede benadruk Hy dat lof die offer is wat hulle moet bring (vers 14). Dit is presies wat Hy ook aan die goddeloses gesê het (vers 23)! Hieruit sien ons duidelik dat dit om God se eer gaan. Mens kan offers aan die Here bring sonder om Hom te eer, maar dit beteken niks nie. In God se oë is hulle net so skuldig soos die goddeloses.

Wat is dan die regte gesindheid waarmee God geëer word? Dit is die gesindheid van nederigheid wat spruit uit die regte kennis van God en jouself. Met hierdie kennis kan ons God eer soos die laaste deel van vers 15 aantoon. Kom ons bring ons offers só dat dit van die regte gesindheid getuig!

*Sing: Psalm 50:7 Ds JA du Preez (Empangeni)*